

HOOFSTUK II.

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAERSKOOLOOSTER IN TRANSVAAL GEDURENDE DIE 20STE EEU.

Om die historiese ontwikkeling van die laerskoolrooster in Transvaal na te gaan het die ondersoeker die volgende gegewens gebruik waarop hy sy bevindinge dan ook baseer:

- (i) Wetgewing.
- (ii) Bepalings en instruksies van die Provinsiale owerhede en die Onderwysdepartement van Transvaal.
- (iii) Aanbevelings van die Transvaalse Onderwysdepartement.
- (iv) Voorbeelde van roosters soos aanbeveel deur die owerhede vir bepaalde skole.

1. DIE ROOSTER VAN 1901.

In 1901 is die volgende instruksies uitgereik aan hoofde en onderwysers.¹⁾

Religious Teaching.

"Morning school is to be opened with Hymn and Prayer, to be followed by Bible-Reading. At least a quarter of an hour should elapse between this and the ordinary school session."

Arithmetic.

"One hour per day at least is to be spent in arithmetic, and care is to be taken that the child comes to this subject with unfatigued attention." Verder is i.v.m. Rekene voorgeskryf dat geen les hierin langer as vyf-en-veertig minute behoort te wees nie. 'n Model-les sal

1) Education Department: Instructions for Headmasters and Teachers, Refugee Camps. 11.4.1901.

(E.B. Sargant, Acting Director of Education for the Transvaal and Orange River Colony. February 19th. 1901).

met Hoofrekene begin en gevolg word deur bordwerk. Dit sal dan eindig met individuele werk deur die leerlinge op leie of op papier.

Reading.

"Reading is the subject of next importance, and four hours of the school week should be devoted to it. In cases where one teacher has control of two classes it will be found advantageous to allow one class to work arithmetic on slates or paper whilst the other reads."

Verdere instruksies was dat die skooldag nie langer as $4\frac{1}{2}$ uur moes wees nie en dat daar net vyf dae in die week skoolgehou sou word. Hierdie $4\frac{1}{2}$ uur per dag, d.w.s. $22\frac{1}{2}$ uur per week, moes as volg aan die verskillende vakke bestee word:

TABEL I.

VAKKE EN TYD DAARAAN BESTEE PER WEEK IN 1901.

Godsdiensonderrig en Registrasie	$2\frac{1}{2}$ uur
Rekene	5 "
Lees en Resiteer	4 "
Aanskouingslesse	2 "
Skrif en Diktee	$2\frac{1}{2}$ "
Musiek en Liggaamsoefeninge	$1\frac{1}{4}$ "
Aardrykskunde	1 "
Tekene of Naaldwerk	$1\frac{1}{2}$ "
Vergelykende studie van woorde en sinne in die Taal (Hollands) en in Engels	$1\frac{1}{2}$ "
Pouse	$1\frac{1}{4}$ "
Totaal	$22\frac{1}{2}$ "

Die volgende rooster word dan voorgeskryf in die laerskool vir standerd 2 tot 5. (Kyk volgende bladsy).

TABEL II.

ROOSTER VIR STANDERS II-V (1901).

	8.30-9.00	9.00-9.45	9.45-10.30	10.30-11.00	11.00-11.15	11.15-11.45	11.45-12.00	12.00-12.30	12.30-.100
Maan- dag	Godsdienst, Bybelse-geskiedenis en Registrasie	V) Rekenkunde IV) Lees III Rekenkunde II Rekenkunde	Vertaling Rekenkunde Lees	Aanskouingsles Aardrykskunde Aanskouingsles	E S D O P	V) Rekenkunde IV) Lees III Rekenkunde II Rekenkunde	Musiek en Liggaams-oefeninge	V) Lees IV) Vertaling III) Vertaling II)	Engelse Opstel Handschrift
Dins- dag		V) Rekenkunde IV) Lees III Rekenkunde II Rekenkunde	Lees Rekenkunde Lees	Aardrykskunde } Aanskouings- les		V) Rekenkunde IV) Rekenkunde III Aardrykskunde II Aardrykskunde		V) Lees IV) Skrif III) Skrif II)	Spelling Tekene of Naaldwerk
Woen- dag		V) Rekenkunde IV) Rekenkunde III Rekenkunde II Lees	Vertaling Lees Rekenkunde	Aanskouingsles } Aanskouings- les		V) Rekenkunde IV) Rekenkunde III Rekenkunde II Rekenkunde		V) Lees IV) Skryfboeke III (Copy) II Lees	Tekene } Spelling }
Donder- dag		V) Rekenkunde IV) Lees III Rekenkunde II Rekenkunde	Lees } Vertaling	Aardrykskunde Aanskouingsles		V) Aanskouings- IV) les III Rekenkunde II Lees		V) Lees IV) Skrif III Aardrykskunde II Aardrykskunde	Engelse Opstel } Tekene of } Naaldwerk
Vry- dag		V) Rekenkunde IV) Rekenkunde III Lees II Lees	Lees Aardrykskunde Rekenkunde	Spelling Lees Skrif		V) Skrif IV) Aanskouings- III les II les		V) Tekene of IV) Naaldwerk III) Tafels II)	Tekene of Naaldwerk Tekene of Naaldwerk

Uit hierdie rooster kan ons o.a. die volgende afleidings maak:

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Die skooldag mag nie langer as $4\frac{1}{2}$ uur wees nie; pouse ingesluit. Daar was net een sessie met twee sittings per dag. Die eerste sitting vanaf die opening tot die pouse, het $2\frac{1}{2}$ uur geduur en die tweede sitting $1\frac{3}{4}$ uur. Pouse was daaglik 'n $\frac{1}{4}$ uur lank.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moes word:

Die volgende vakke moes onderrig word: Godsdiensonderrig, Rekene, Lees en Resiteer, Skrif en Diktee, Aanskouingslesse, Musiek, Liggaamsoefeninge, Aardrykskunde, Tekene of Naaldwerk, Vergelykende studie van woorde en sinne in Nederlands en in Engels.

(c) Die tyd wat aan elke vak gegee moes word:

Volgens die voorskrifte moes aan Rekene die meeste tyd bestee word in die laerskool, nl. 5 uur per week. Na Rekene het Lees gevolg met 4 uur per week. Hierdie twee vakke saam het presies 40% van die skooltyd (pouses ingesluit) in beslag geneem. Na Rekene en Lees is aan Godsdiensonderrig en aan Skrif en Diktee die meeste tyd bestee. Aan die onderrig van Nederlands is weinig tyd bestee, slegs $1\frac{1}{2}$ uur per week by wyse van vertalings uit Engels en omgekeerd.

(d) Die duur van elke les:

Wat die onderrig van Rekene betref, word daar duidelik voorgeskryf dat geen les hierin langer as 45 minute behoort te wees nie. Die duur van die lesse in die ander vakke is nie voorgeskryf nie, maar volgens die voorgestelde rooster vir sts. 2 tot 5, blyk dit dat die lesse oor die algemeen 'n halfuur geduur het, behalwe in die geval van Tekene of Naaldwerk waar die lesse soms 'n uur geduur het.

(e) Die reëling van die pouses:

Die pouses was betreklik kort, slegs een van 15 minute per dag. Voor die pouse was daar 'n sitting van $2\frac{1}{2}$ uur en na die pouse een van $1\frac{3}{4}$ uur.

(f) Die verspreiding van die vakke oor die werkdag:

Die instruksies van die Departement van Onderwys het bepaal dat elke skooldag begin moet word met gewyde sang, gebed en Bybelonderrig.

In verband met Rekene-onderrig het die instruksies bepaal dat „care is to be taken that the child comes to this subject with unfatigued attention.”¹⁾

In die voorgeskrewe rooster vir sts. 2 tot 5 word die onderrig van Rekene dan ook net na Godsdiensonderrig geplaas, d.w.s. voor die vermoeidheidsfaktor van enige betekenis word. Waar 'n hele paar standerds saam in een klas gegroepeer was (soos op die voorgeskrewe rooster) is 'n deel van die Rekene-onderwys net na die pouse geplaas.

Wat die ander vakke betref, is in die instruksies nie neergelê watter tyd van die dag dit onderrig moes word nie. Op die voorgeskrewe rooster geld ook nie 'n vaste orde van hoe die lesse mekaar moet opvolg nie, behalwe dat Musiek en Oefeninge eers laat in die dag, gedurende die tweede sitting, onderrig is en dat Tekene of Naaldwerk eers in die laaste periode(s) van die dag aan die beurt gekom het.

2. DIE ROOSTER VAN 1909.

In 1909 is „Modelroosters van Werkzaamheden” deur die Departement van Onderwys, Transvaal, gepubliseer.²⁾ Hierdie Modelroosters is gegrond op die Onderwyswet van 1907.³⁾

-
- 1) Education Department: Instructions for Headmasters and Teachers, Refugee Camps. 11.4.1901. 4.
 - 2) Departement van Onderwijs, Transvaal: Departementale Cirkulaire No. 6. September, 1909. 23.
 - 3) Onderwijswetten van 1907, 1908 en 1909 en de Ordonanties van 1911 en 1912 met de Herziene Regulaties, Regelingen en Voorschriften. 19.

„De volgende modelroosters van werkzaamheden met analyse zijn opgemaakt voor leidraad voor scholen met één of twee onderwijzers; maar alvorens te worden aangenomen, zoals die daar staat, moet die door de Inspekteur worden nagezien en goedgekeurd."1)

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Departementale
Cirkulaire No. 6. September, 1909. 23.

TABEL III.

MODEL ROOSTER VAN WERKZAAMHEDEN VOOR PLAATSSCHOOL MET EEN ONDERWIJZER. (1909).

Dag	Klas	8.30-8.35	8.35-9.5	9.5-9.10	9.10-9.15	9.15-10.0	10.0-10.45	10.45-11.0	11.0-11.30	11.30-12.0	12.0-12.30	12.30-1.0	1.0-1.30
Maan- dag	1					Hollands Lezen Kinderarbeid	Schrijven Cijfers Kinderarbeid	Hollands Kompositie		Engelse Konversatie	Spel (Play)	Les in Getallen	Natuurlike Historie (Nature Study) of Spel
	2					Rekenles: Uit 't Hoofd Rekenen 10 Min.	Hollands Lezen, Kompositie, Spraakkunst			" "	Engels Lezen en Kompositie	Schrijven, Vertalen, Holl. Spel.	Natuurlike Historie (Nature Study)
	3					" "	" "	" "		Engelse Kompositie Spraakkunst Diktee	" "	Schrijven Vertalen Eng. Spel.	" "
Dins- dag	1											Les in Getallen	Natuurlike Historie of Spel
	2											Schrijven, Vertalen, Eng. Spel.	Aardrijkskunde en Geschiedenis.
	3											Schrijven, Vertalen, Holl. Spel.	" "
Woens- dag	1											Als Maandag	Als Maandag
	2											"	Aardrijkskunde en Geschiedenis
	3											"	" "
Donder- dag	1											Als Dinsdag	Als Maandag
	2											"	"
	3											"	"
Vrydag	1											Als Maandag	Als Dinsdag
	2											"	"
	3											"	"

Klas 1 Sub-standaards.

Klas 2 I en II standerds

Klas 3 III en IV

Waar naaldwerk wordt genomen, kan aardrijkskunde en geschiedenis,
indien nodig, voor de meisjes bekort worden.

TABEL IV.

ANALYSE VAN ROOSTER VAN WERKZAAMHEDEN VOOR SCHOLEN
MET EEN ONDERWIJZER. (1909).

	Klas 1.	Klas 2.	Klas 3.
<u>Leervak</u>			
Gebod	25 minute	25 minute	25 minute
Bijbelse Geschiedenis	150 "	150 "	150 "
Register	25 "	25 "	25 "
Huiswerk (collection of)	25 "	25 "	25 "
Hollands	225 "	345 "	330 "
Engels	150 "	330 "	345 "
Rekenkunde	150 "	225 "	225 "
Kinderarbeid	150 "	-	-
Natuurlike Historie	150 "	60 "	60 "
Aardrijkskunde en Geschiedenis	-	90 "	90 "
Vetalen en Schrijven	150 "	75 "	75 "
Pauze	150 "	150 "	150 "
<u>Totaal</u>	1,350 "	1,500 "	1,500 "
	22½ uur	25 uur	25 uur

TABEL V.

MODEL ROOSTER VAN WERKZAAMHEDEN VOOR PLAATSSCHOOL MET TWEE ONDERWIJZERS. (1909).

Dag	Klas	8.30-8.35	8.35-9.5	9.5-9.10	9.10-9.15	9.15-10.0	10.0-10.45	10.45-11.0	11.0-11.30	11.30-12.0	12.0-12.30	12.30-1.0	1.0-1.30
Maandag	1	G E B E D	B I J B E L S G E S C H I E D E N I S	R E E G I S T E R S	H U I S W E R K	Hollands Lezen en Kinderarbeid	Schrijven, Cijferen en Kinderarbeid	Hollands Kompositie		Eng. Konversatielessen	Spel (Play)	Les in Getallen	Natuurlik Historie of Spel
	2					Rekenoefeningen, Uit 't Hoofd Rekenen 10 min.	Hollands Lezen en Kompositie	Hollands Spraakkunst		Eng. Kompositie en Spraakkunst	Engels Lezen	Schrijven, Overschrijven en Spraakkunst, Hollands	Natuurlike Historie
	3					Rekenen: Uit 't Hoofd. Rek. 10 min.	" "	" "		" "	"	" "	" "
	4					Rekenoefeningen	" "	" "		" "	"	" Engels	" "
Dinsdag	1					Als Maandag	DE GEHELE WEEK	DE GEHELE WEEK	P A U Z E	DE GEHELE WEEK	DE GEHELE WEEK	Les in Getallen	Natuurlike Historie of Spel
	2					Rekenles, Uit 't Hoofd. Rek. 10 min.						Schrijven, Vertaling en Spraakkunst, Holl.	Aardrijkskunde en Geschiedenis
	3					Rekenoefeningen						" Engels	" "
	4					Rekenlessen, Hoofd Rekenen						" "	" "
Woensdag	1					Als Maandag						Als Maandag	Natuurlike Historie of Spel.
	2					" "						" "	Aardrijkskunde en Geschiedenis
	3					" "						" "	" "
	4					" "						" "	" "
Donderdag	1					Als Dinsdag						Als Dinsdag	Als Maandag
	2					" "						" "	" "
	3					" "						" "	" "
	4					" "						" "	" "
Vrydag	1					Als Maandag						Als Maandag	Als Dinsdag
	2					" "						" "	" "
	3					" "						" "	" "
	4					" "						" "	" "

Klas 1: Substanderds

Klas 2: St. I en II.

Klas 3: St. III en IV

Klas 4: St. V en VI

TABEL VI

ANALYSE VAN ROOSTER VAN WERKZAAMHEDEN VOOR
SCHOLEN MET TWEE ONDERWIJZERS. (1909).

<u>Leervak</u>	Klas 1	Klas 2	Klas 3	Klas 4
Gebed	25 min.	25 min.	25 min.	25 min.
Bijbelse Geschiedenis	150 "	150 "	150 "	150 "
Register	25 "	25 "	25 "	25 "
Huiswerk (collection of)	25 "	25 "	25 "	25 "
Hollands	225 "	375 "	340 "	300 "
Engels	150 "	300 "	335 "	375 "
Rekenen	150 "	225 "	225 "	225 "
Kinderarbeid	150 "	-	-	-
Schrijven, Cijfer- en en Vertalen	150 "	75 "	75 "	75 "
Natuurlike Histories	150 "	60 "	60 "	60 "
Aardrijkskunde en Geschiedenis	-	90 "	90 "	90 "
Pauze	150 "	150 "	150 "	150 "
<u>Totaal</u>	1,350 "	1,500 "	1,500 "	1,500 "
	22½ uur	25 uur	25 uur	25 uur

Uit die modelroosters soos in 1909 gepubliseer vir toepassing in laerskole met een en met twee onderwysers, kan die volgende afgelei word:

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Die skooldag het uit een sessie bestaan en was in twee sittings verdeel; die eerste 2½ uur lank en die tweede 2 uur lank (vir die standerds). Die skooldag was nou aansienlik langer as dié wat in 1901 voorgeskryf was, nl. 5 uur (pouses ingesluit) i.p.v. 4½ uur (pouses ingesluit). Vir die substanderds (grade) sou die skooldag 'n halfuur korter wees, nl. 4½ uur.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moes word:

Die volgende vakke kom op die rooster voor: Godsdiensoonderrig, Hollands, Engels, Rekene, Skrif, Natuurkennis, Aardrykskunde en Geskiedenis.

Anders as op die rooster van 1901, word nou ook onderrig gegee in Geskiedenis - egter nie as 'n afsonderlike vak nie, maar saam met Aardrykskunde. In die substanderds is onderrig gegee in Kinderarbeid wat weer nie tot die standerds deurgevoer is nie.

Van Tekene en Naaldwerk word op die roosters van 1909 geen melding gemaak nie, behalwe in 'n voetnota waar dit gestel word dat, indien die meisies onderrig in Naaldwerk ontvang, die kursus in Geskiedenis en Aardrykskunde vir hulle kan verkort word. Meisies kon dus wel onderrig word in Naaldwerk, maar ten koste van Geskiedenis en Aardrykskunde waarvoor daar reeds net 90 minute per week beskikbaar was.

Van Liggaamlike Opvoeding of Gesondheidsleer en Musiek word daar ewe-eens geen melding gemaak op die voorgestelde roosters van 1909 nie.

(c) Die tyd wat aan elke vak gegee moes word:

Aan Godsdiensoonderrig moes $2\frac{1}{2}$ uur per week afgestaan word; hierby is nog 25 minute per week gereken vir opening met Skriflesing en gebed. Eintlik is daar dus 2 uur 55 min. bestee aan Godsdiensoonderrig.

Op die voorgestelde roosters in 1909 word daar spesiale tyd aangedui vir die merk van die daaglikse besoekregisters en ook vir die inneem van huiswerk. Vyf minute per dag is vir elk van hierdie twee werksaamhede toegestaan.

Vir die onderrig van Hollands is in 1909 baie meer tyd toegestaan as in 1901. In die standerds is nou gemiddeld $5\frac{1}{2}$ uur per week hiervoor afgesonder teenoor die skamele

$1\frac{1}{2}$ uur se vertaalwerk soos in 1901 vasgelê. In die substanderds is heelwat minder tyd bestee aan Hollands as in die standerds, nl. 3 uur 45 min. teenoor die $5\frac{1}{2}$ uur in die standerds.

Aan die onderrig van Engels as vak is in die standerds gemiddeld net soveel tyd bestee as aan die onderrig van Hollands, nl. $5\frac{1}{2}$ uur per week. Ook in Engels is die tyd wat vir die substanderds beskikbaar was, heelwat minder as vir die standerds, nl. $2\frac{1}{2}$ uur per week teenoor die gemiddelde $5\frac{1}{2}$ uur per week vir standerds. Vir die substanderds was die beskikbare tyd vir die onderrig van Engels egter aansienlik minder as vir Hollands, nl. $2\frac{1}{2}$ uur teenoor $3\frac{3}{4}$ uur per week.

Aan Rekene word in 1909 minder tyd afgestaan as in 1901, nl. $3\frac{3}{4}$ uur per week in die standerds teenoor die 5 uur per week in 1901. Die grade sou $2\frac{1}{2}$ uur per week onderrig in Rekene ontvang.

Die tyd wat bestee is aan Engels, Hollands (behalwe vertalinge) en Reneke was in 1909 presies 60% van die totale skoolure (pouses ingesluit). Die tyd wat deur die twee tale alleen in beslag geneem is, het 45% van die totale skooltyd beloop.

Vir Skrif, Syfers en Vertaalwerk is $1\frac{1}{4}$ uur per week aan die standerds afgestaan; vir die substanderds was die beskikbare tyd moontlik uitsluitlik net vir Skrif en Syfers gebruik en nie vir vertaalwerk nie.

Die onderrig van Aardrykskunde en Geskiedenis het gesamentlik $1\frac{1}{2}$ uur per week beloop. In die substanderds is hierdie vakke nie onderrig nie.

Natuurlike Histories (Natuurkennis) was, wat tydtoekenning betref, 'n vername vak vir die substanderds. Twee- en 'n halfuur per week is naamlik aan die onderrig daarvan bestee. In die standerds was 'n uur per week daarvoor beskikbaar.

(d) Die duur van elke les:

Rekenlesse het elk 45 minute geduur en 10 minute hiervan is in die standerds bestee aan Hoofrekene.

Die lesse in Hollands Lees en Komposisie het ook 45 minute geduur; direk daarna het 'n periode gevolg waarin "Hollands Spraakkunst" onderrig is. Alle ander lesse het 'n halfuur geduur.

(e) Die reëling van die pouses:

Soos in 1901, was daar op die 1909-rooster ook net een pouse, maar dit was nou tweemaal so lank as in 1901, nl. 'n halfuur. Die sitting voor pouse het $2\frac{1}{2}$ uur geduur en die een na pouse 2 uur.

(f) Die verspreiding van die leervakke oor die werkdag:

In verband met Godsdiensonderrig het die owerheid voorgeskryf dat elke skooldag begin sal word met Skriflesing en Gebed. Dit moes sover moontlik gevolg word deur 'n halfuur se onderrig in Bybelse Geskiedenis.¹⁾

Na die les in Bybelse Geskiedenis, moes die registers in orde gebring word waarop die inneem van die leerlinge se huiswerk gevolg het. Direk hierna het die les in Rekene gevolg. Bybel en Rekene het in 1909 dus nog dieselfde plekke op die rooster bekleed as in 1901.

Na Rekene het die onderrig in Hollands gevolg en wel vir 2 periodes na mekaar wat gesamentlik 'n uur geduur het in die Standerds. Hierna het die halfuur-pouse gevolg en na die pouse het Engels aan die beurt gekom, ook vir 2 periodes direk na mekaar en wat ook gesamentlik 'n uur geduur het in die standerds.

Die tweede laaste periode is gewy aan Skrif, Vertaling en Spraakkuns in Hollands of Engels. Die laaste periode

1) Onderwyswetten van 1907, 1908 en 1909 en de Ordonanties van 1911 en 1912 met de Herziene Regulaties, Regelingen en Voorschriften. 19.

is gebruik vir die onderrig van Natuurlike Historiese, Aardrykskunde en Geskiedenis.

Anders as op die 1901-rooster, is daar in die 1909-rooster 'n vaste orde waarvolgens die dag se verrigtinge verloop. Elke dag se werksaamhede het byna dieselfde patroon gevolg. Vir die standers het dit as volg verloop: Opening; Bybelse Geskiedenis; Rekene; Hollands Lees en Stelwerk; Hollands Spraakkunst; Pouse; Engels Stelwerk en Spraakkunst; Engels Lees; Skrif, Vertaling, Spraakkunst Hollands of Engels; Inhoudsvakke.

As algemene opmerking i.v.m. die voorgestelde roosters vir eenman- en tweemanskole in 1909, moet daarop gewys word dat die Departement van Onderwys dit duidelik gestel het dat die betrokke roosters slegs voorgestelde roosters is en dat dit nie maar sonder meer deur onderwysers gevolg kon word sonder die goedkeuring van die plaaslike inspekteur van onderwys nie.¹⁾ Dit dui dus daarop dat die skole toegelaat was om hulle eie roosters op te stel om aan te pas by die plaaslike omstandighede en behoeftes. Die roosters moes egter voldoen aan die voorskrifte van die owerheid en moes aan die inspekteur van onderwys voorgelê word vir goedkeuring.

Van belang i.v.m. laerskole met een onderwyser, is dat daar in 1914 van owerheidsweë bepaal is dat leerlinge net tot die vierde standerd hierdie skole mag besoek, behalwe waar skriftelike magtiging deur die inspekteur van skole verleen word.²⁾ Dit blyk dat hierdie reëling reeds in 1909 van toepassing moes gewees het, daar die voorgestelde rooster vir 'n eenmanskool in daardie jaar nie voorsiening maak vir opleiding verder as Standaard 4 nie. Hierdie

1) Departement van Onderwys, Transvaal: Departementale Cirkulaire No. 6. September, 1909. 23.

2) Departement van Onderwys, Transvaal: Bepalings Voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen. 1914.

reëling was klaarblyklik gemaak om die taak van die onderwyser aan die eenmanskool te verlig, aangesien sy program andersins te vol sal wees.

3. DIE BEPALINGE VAN 1914.

Belangrike bepalinge is in 1914 deur die Departement van Onderwys gedoen met betrekking tot enkele aspekte van roostersamestelling.¹⁾

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Die volgende is in verband hiermee neergelê:²⁾

„De skooldag word verdeel in twee skooltjiden van elkaar gescheiden door 'n tussenpoos van minstens 'n halfuur. De eerste skooltijd moet minstens twee en 'n halfuur duren en de tweede niet minder dan twee uur, uitgezonderd voor jeugdige leerlingen beneden de eerste standaard, voor wie elk der skooltjiden 'n halfuur korter mag wezen. De Direkteur is bevoegd de eisen in deze bepaling neergelegd te wijzigen uit oorzaak van klimaat of anderzins.”

Hieruit volg dan dat die skooldag 'n minimum lengte moet hê van $4\frac{1}{2}$ uur sonder inbegrip van die halfuur pouse, wat die skooldag verdeel in twee sittings, die eerste $2\frac{1}{2}$ uur lank en die tweede 2 uur lank.

Vir die substanderds kon elke sitting 'n halfuur d.w.s. 'n uur per dag, korter wees. Uit die bewoording van die bepaling blyk dit duidelik dat dit nie verpligtend was nie: - „voor wie elk der skooltjiden 'n halfuur korter mag wezen.” Nietemin maak hierdie bepaling van 1914 voorsiening vir 'n aansienlike korter skooldag vir die leerlinge in die substanderds.

Van belang in hierdie bepaling is verder ook dat daar aan die Direkteur bevoegdheid verleen word om die eise wat in die bepaling neergelê word, te wysig uit oorsaak van

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalingen Voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen. Benevens het Voorgescreven Leerplan of de Leergang. 1914; Cape Times Limited, Government Printers. 1914.

2) Ibid., 25. par. 4.

klimaat of andersins. Die Direkteur kon dus plaaslike toestande in ag neem by die vasstelling van die lengte van die skooldag en die reëling van die sittingstye.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moes word:

Wat die leerplan betref, maak die bepalinge van 1914 'n verskil tussen skole met een of twee onderwysers aan die een kant en groter skole aan die ander kant.¹⁾

Vir skole met een of twee onderwysers was die leervakke as volg:

- (i) Bybelse Geskiedenis.
- (ii) Engels met sy verdeling: spreek, lees, resiteer, skryf, stelwerk en grammatika.
- (iii) Nederlands met sy verdeling soos by Engels.
- (iv) Geskiedenis.
- (v) Aardrykskunde.
- (vi) Rekenkunde.
- (vii) Aanskouingslesse en Natuurkennis - verbonde, waar uitvoerbaar, met arbeid in die skoolterrein.
- (viii) Naaldwerk (vir meisies).

Skole met een onderwyser mog geen verdere vakke hê nie. Skole met twee onderwysers kon met toestemming van die Inspekteur één of meer van die volgende vakke insluit: Tekene; Sang; Gimnastiek, met minstens één les in die week oor gesondheid en matigheid aan leerlinge bo die vierde standaard indien die groep groot genoeg was om 'n afsonderlike klas te vorm.

Vir alle ander skole was die leerplan as volg:
Verpligte vakke:

- (i) Bybelse Geskiedenis en Sedeleer.
- (ii) Engels met sy verdeling.

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalingen
Voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen, ens.
1914. 29 - 31.

- (iii) Nederlands met sy verdeling.
- (iv) Geskiedenis en Burgerskap.
- (v) Aardrykskunde.
- (vi) Rekenkunde met die beginsels van stel- en Meetkunde.
- (vii) Aanskouingsonderwys en Natuurkennis - verbonde, waar uitvoerbaar, met arbeid in die skooltuin.
- (viii) Naaldwerk (vir meisies).
- (ix) Tekene.
- (x) Sang.
- (xi) Gimnastiek, met minstens een les in die week oor gesondheid en matigheid aan leerlinge bo die vyfde standaard.

Daar word by die bepalinge van 1914 geen verdere besonderhede gegee om daaruit afleidinge te maak t.o.v. die ander aspekte van roostersamestelling nie.

4. DIE ROOSTER VAN 1918.

In 1918 publiseer die Transvaalse Onderwysdepartement „Bepalinge en Leergange voor Buitenscholen.”¹⁾ Hierin verskyn daar 'n modelrooster van werksaamhede vir skole met een onderwyser.²⁾ Hierdie modelrooster is gebaseer op die bepalinge soos neergelê in 1914. Die Transvaalse Onderwysdepartement stel dit duidelik dat dié modelrooster nie verpligtend is nie, mits die rooster wat in die plek daarvan opgestel word, deur die Inspekteur van Skole goedgekeur word.³⁾ Die modelrooster is egter opgestel „vooral met het oog op die moeilikheden van dergelijke scholen en wat de hoofdzaken betreft moet die als leidraad genomen worden.”⁴⁾

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalinge en Leergangen voor Buitenscholen; Goevernementsdrukkerij en Kantoor van Schrijfbehoeften, Pretoria, 1918.

2) Ibid., 41.

3) Ibid., 8.

4) Ibid., 8.

Groep 1 = Substanderds.

Groep II = Standaard I en II.

Groep III = Standaard III en IV.

TABEL VII.

MODEL-ROOSTER VAN WERKZAAMHEDEN VOOR SCHOLEN MET EEN ONDERWIJZER. (1918).

Les		1	2	3			4			5	6														
		30'	60'	60'			60'			30'	30'														
				H	O	L	L	A	N	D	S														
				Groep I			Groep II			Groep III															
Maandag	Klasregisters. en Geschiedenis Bybelse Opening.	E	10'	Nasien van die 15' (Lese)			huiswerk in Skriftelike Oefeninge.			die klas. Skriftelike Oefeninge - 25' Spraakkuns. (Diktee 15')			D	10'	Nasien van die 15' (Spreekoefeninge).			huiswerk in (Lese en spreek-oefeninge). Skriftelike Oefeninge.			die klas. Skriftelike Oefeninge - Spraakkuns. (Lese 15') (Resitasie 10')			Natuurkennis	* Skrif
			25'	(Spreekoefeninge).			(Lese en spreek-oefeninge).			werk in die klas, ens.				25'	Afskryf van Hollandse les.			Skriftelike Oefeninge.			(Lese 15') (Resitasie 10')				
Dinsdag		N	10'	Nasien van die 15' (Lese).			huiswerk in die (Diktee).			klas. Skriftelike Oefeninge. (Lese en spreek-oefeninge).			Y	10'	Nasien van die 15' (Resitasie).			huiswerk in die (Resitasie). (Lese en spreek-oefeninge).			klas. (Diktee). Skriftelike Steloefeninge.			Aardrykskunde	Geschiedenis
			25'	(Diktee 15') les afskryf 10'.			Skriftelike Oefeninge.			die werk in die klas, ens.				25'	(Spreekoefeninge).			die werk in die klas, ens.			klas, ens.				
Woensdag		K	10'	Nasien van 15' Lese.			die huiswerk in (Diktee).			die klas. Skriftelike Steloefeninge. (Diktee 15').			L	10'	Nasien van 15' (Spreekoefeninge).			die huiswerk in (Lese en spreek-oefeninge). (Diktee 15').			die klas. Skriftelike Oefeninge. (Lese en spreek-oefeninge).			Natuurkennis	Resitasie H en E.
			25'	(Spreekoefeninge en resitasie 10')			(Lese en spreek-oefeninge. Resitasie 10').			klas, ens.				25'	Afskryf van Hollandse les.			les afskryf 10'			klas, ens.				
Donderdag		E	10'	Nasien van die 15' (Lese)			huiswerk in die Skriftelike Oefeninge.			klas. Skriftelike Oefeninge - spraakkuns. (Lese en spreek-oefeninge).			E	10'	Nasien van 15' (Resitasie)			die huiswerk in (Resitasie). (Lese en spreek-oefeninge).			die klas. (Diktee). Skriftelike Steloefeninge.			Aardrykskunde	Geschiedenis
			25'	(Diktee 15') les afskryf 10'			(Diktee 15') les afskryf 10'			klas, ens.				25'	(Spreekoefeninge)			die werk in die klas, ens.			klas, ens.				
Vrydag		R	10'	Nasien van 15' (Lese)			die huiswerk in (Diktee)			die klas. Skriftelike steloefeninge. 25' (Diktee 15')			P	10'	Nasien van 15' (Spreekoefeninge).			die huiswerk in (Lese en spreek-oefeninge). (Diktee 15')			die klas. (Diktee).			Natuurkennis	* Skrif
			25'	(Spreekoefeninge).			(Lese en spreek-oefeninge).			klas.				25'	Afskryf van Hollandse les.			les afskryf 10'			(Lese en spreek-oefeninge).				
			10'	Nasien van			die werk in die			klas.				10'	Nasien van			die werk in die			klas.				

* Indien Groep III geen skrifonderrig ontvang, verander die sesde les op Maandag in kaartteken, ens.

Indien Groep III geen skrifonderrig ontvang, verander die sesde les op Vrydag in stillees uit 'n geskiedenisboek.

Die volgende opmerkinge word by die modelrooster gevoeg:

Les 5 kom onmiddellik na die pouse op Maandag, Woensdag en Vrydag, en daarna les 4.

Die tien minute aan die begin en aan die einde van die taallesse is vir die hele skool as een groep bestemd, ten einde geleentheid te gee vir:

- (1) kort spreekoefeninge;
- (2) die gereelde lees van gedeeltes as resitasie deur die onderwyser en die beste leerlinge, sodat dit soveel moontlik in sy geheel van buite geleer word eer mens dit deelsgewyse uit 'n boek leer;
- (3) die nasien en bespreking deur die klas van afgeskrewe lesse van één of twee leerlinge of ander oefeninge wat nie uitvoerig behandel kon word nie.

Dit word nie bedoel om die nasien van die werk, wat gewoonlik buite die skoolure gedoen word te vervang nie. Daar word geleentheid gegee om deur kort, skriftelike opgawes of anders, oortuig te raak of groep III die leesles wat nie in die klas behandel word nie, behoorlik by die huis bestudeer het.

Die spreekoefeninge van groep I behoort gebaseer te wees op die leesstof van groep II, terwyl groep I en II dieselfde resitasie neem, hoewel groep I nie alles van buite leer nie.

In ander gevalle, waar die lesse tussen hakies is, word dit gelyktydig opgegee.

Na aanleiding van hierdie modelrooster kan die volgende opmerkinge gemaak word t.o.v. sekere aspekte van roostersamestelling:

- (a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Die modelrooster is opgestel volgens die vereistes in die bepalinge van 1914 en maak dus voorsiening vir 'n

skooldag van minstens 5 ure (pouse ingesluit) wat verdeel word in twee sittings, die eerste $2\frac{1}{2}$ uur lank en die tweede 2 uur lank. Die twee sittinge word onderbreek deur 'n halfuur poue.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moes word:

Die vakke op die modelrooster vir 'n skool met een onderwyser is as volg: Godsdiensoonderrig, Rekene, Hollands, Engels, Natuurkennis, Geskiedenis, Aardrykskunde, Skrif. Die aantal vakke in die rooster is volgens die vereistes in die bepalinge van 1914 behalwe dat Naaldwerk vir meisies nie ingesluit is nie. Vir die uitsluiting van Naaldwerk aan die eenmanskool word egter voorsiening gemaak in die „Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen" van 1918 waar dit gestel word dat naaldwerk aan die meisies onderrig kon word in die eenmanskool indien dit moontlik was.¹⁾ Verder ook mog skole met twee onderwysers een, en skole met drie onderwysers twee van die volgende ekstra vakke neem: Tekene, Sang en Gimnastiek, mits die toestemming van die Inspekteur van Skole daartoe verkry word.²⁾

(c) Die tyd wat aan elke vak gegee moes word:

Op die rooster word die volgende tye aan die verskillende vakke toegesê:

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen; Goevernements-drukkerij en Kantoor van Schrijfbehoeften, Pretoria. 1918, 8.

2) Ibid.

TABEL VIII.

TYE AAN VAKKE TOEGESE PER WEEK VOLGENS MODELROOSTER VIR
EENMANSKOOL 1918.¹⁾

	Substanderds.	St. 1 - 2	St. 3 - 4.
Godsdiensonderrig.	2 uur 30 m.	2 uur 30 m.	2 uur 30 min.
Rekene.	5 uur	5 uur	5 uur
Hollands (met sy verde- ling)	6 uur 30 m.	5 uur 15 m.	5 uur 15 m.
Engels (met sy verdeling)	4 uur	5 uur 15 m.	5 uur 15 m.
Natuurkennis	1 uur 30 m.	1 uur 30 m.	1 uur 30 m.
Geskiedenis.	1 uur	1 uur	1 uur
Aardrykskunde.	1 uur	1 uur	1 uur
Skrif.	1 uur	1 uur	1 uur ø
Pouse	2 uur 30 m.	2 uur 30 m.	2 uur 30 m.
Totaal	25 uur	25 uur	25 uur

ø Voorsiening is op die rooster gemaak dat, indien sts. 3 en 4 nie onderrig in Skrif ontvang nie, hulle dan mag besig wees met kaartteken en lees uit 'n geskiedenisboek.

Opmerkinge i.v.m. die voorgestelde modelrooster vir 'n eenmanskool in 1918, is o.a. dat meer as die helfte van die skoolure aan die onderrig van die twee landstale en Rekene gegee word, nl. presies 62% (pouses ingesluit). Die onderrig in die twee tale alleen vereis 42% van die skooltyd (pouse ingesluit).

In die standerds word eweveel tyd aan die onderrig van Hollands en Engels bestee. In die substanderds egter is die tyd wat aan die onderrig van Hollands bestee word, aansienlik meer as die tyd aan Engelse onderrig.

Die onderrig in Rekene duur weer langer as die $3\frac{3}{4}$ uur per week wat in 1909 daaraan toegesê is. Op die rooster van 1918 styg dit weer na 5 uur per week soos dit op dié van 1901 die geval was.

1) Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen; Goevernements-drukkerij en Kantoor van Schrijfbehoeften, Pretoria, 1918, 41.

Geskiedenis en Aardrykskunde word as aparte vakke onderrig en ontvang elk een uur per week i.p.v. een en 'n halfuur per week vir albei saam soos in 1909.

In Natuurkennis word per week langer onderrig gegee in die standerds as in 1909 maar korter in die substanderds as in 1909.

Geen aparte tyd word toegesê vir die merk van die registers en inneem van huiswerk nie.

(d) Die duur van elke les:

Onderrig in Rekene het 'n uur geduur. Daar was geen onderbreking nie. In die ander vakke, behalwe Hollands en Engels, het die lesse 'n halfuur geduur. In Hollands en Engels is verskillende kort periodes toegesê vir die onderrig van die verskillende onderafdelings van die twee vakke. Die onderrig in die onderafdelings van elke taal het saam een uur geduur en was aaneenlopend.

(e) Die reëling van die pouses:

Ooreenkomstig die bepaling van 1914 is daar op die rooster voorsiening gemaak vir een pouse van 'n halfuur per skooldag. Die pouse het die skooldag in twee sittinge verdeel; die eerste $2\frac{1}{2}$ uur lank en die tweede 2 uur lank.

(f) Die verspreiding van die vakke oor die werkdag:

Elke skooldag is begin met opening en Bybelse Geskiedenis. Hierna het die onderrig in Rekene gevolg en direk na Rekene die onderrig in Hollands (met sy onderafdelings). Die halfuur-pouse het tussen die onderrig van Hollands en Engels gekom. Na Engels het die inhoudsvakke en Skrif aan die beurt gekom.

Na 1918 verloop daar 'n lang tydperk waarin die owerheid geen voorskrifte gemaak het oor sake rakende rooster-samestelling in die laerskool nie. Wat die openingsuur van skole in die warm streke van Transvaal betref, is daar in 1934 op aanbeveling van hoofde, vergunning deur die

Departement verleen dat sulke skole vroeër mag begin, bv. om 8 vm. Die aanvangsuur sou in oorleg met die Kringinspekteur en die Skoolkomitee, deur die hoof van die skool vasgestel word.¹⁾

5. ADMINISTRATEURSKENNISGEWING VAN 1941.

In 1941 is 'n wysiging van die skoolure soos van krag vanaf 1907, aangebring²⁾ en hierdie wysiging hou vandag nog stand. In Administrateurskennisgewing nr. 9 van 1941 is dit bepaal dat die distribusie van werk in die skool, ens., onderworpe is aan die goedkeuring van die kringinspekteur met dien verstande dat die werklike klastye (sonder inbegrip van pouse) as volg sal wees:

TABEL IX.

VEREISTE LENGTE VAN SKOOLDAG (SONDER INBEGRIP VAN POUSE)
IN 1941.

Klasse	Minimum Tyd.	Maksimum Tyd.
Grade	4 uur	4½ uur
Standerds 1-V (VI)	4½ uur	5 uur
Bo standerds V (VI)	5 uur	5½ uur.

Tye vir pouses sou as volg wees: Minima:

- (i) Tweesessieskole:- 15 minute tydens die oggend-sessie, 30 minute tussen die sessies.
- (ii) Eensessieskole:- Twee of meer pouses wat tesame minstens 30 minute duur.

Daar is twee aspekte van roostersamestelling wat dan ter sprake kom deur die Administrateurskennisgewing Nr. 9 van 1941, nl.

- (a) die lengte en sittingstye van die skooldag;
- (b) die reëling van die pouses.

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Vir die eerste keer in die 20ste eeu word nie alleen die minimum of maksimum tyd vir skoolure neergelê nie,

1) Departement van Onderwys, Transvaal: Departementele Omsendbrief Nr. 6 van 1934. Item Nr. 108. 63.

2) Administrateurskennisgewing Nr. 9 van 1941. (Departementele Omsendbrief Nr. 1 van 1941 Item 5. 5).

maar die minimum sowel as die maksimum skoolure vir Transvaal.

Ook word vir die eerste keer in die 20ste eeu in Transvaal neergelê dat die skoolure vir die substanderds 'n halfuur per dag minder moet wees as vir die standerds. Vorige bepalings het dit toegelaat dat die skoolure vir die grade korter mag wees as vir die standerds, maar dit was nie 'n vereiste nie.¹⁾

Administrateurskennisgewing Nr. 9 van 1941 maak voorsiening ook vir tweesessieskole en nie net vir eensessieskole soos in vorige bepalings nie.

Die minimum vereiste aantal skoolure vir die standerds geld nog soos vanaf 1907.

(b) Die reëling van die pouses:

Voorskrifte van die owerheid vanaf 1901 tot 1940 het bepaal dat die skooldag in Transvaal net deur een pouse sou onderbreek word. Vir die eerste keer word nou in 1941 vereis dat daar tenminste twee pouses sou wees. Skole moes dus nou nie minder as twee pouses hê nie met 'n gesamentlike duurte van 30 minute. Skole mag dus meer as twee pouses hê en dit word nie bepaald as 'n vereiste gestel dat die gesamentlike duurte van die pouses nie langer as 30 minute mag wees nie. Geen voorskrifte word vanaf 1941 gegee oor op watter tye van die skooldag die pouses moet val nie.

6. DIE INSTRUKSIES VAN 1948 EN DAARNA.

In die Handboek van Instruksies in 1948 uitgegee, word ook verwys na die skoolure wat vereis word.²⁾ Die skoolure asook die reëling van die pouses is dieselfde soos voorgeskryf in Administrateurskennisgewing Nr. 9 van

1) Onderwyswetten van 1907, 1908 en 1909 en de Ordonanties van 1911 en 1912 met de Herziene Regulaties, Regelingen en Voorschriften. Departement van Onderwijs, Transvaal: Bepalingen Voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen. Cape Times Limited, Government Printers 1914.

2) Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole, Staatsdrukker, Pretoria 1948 100 en 102

1941. In die reeds genoemde Handboek van Instruksies word ook die vakke genoem wat vir die laerskool voorgeskryf word¹⁾ nl. Godsdiensonderrig, Engels, Afrikaans, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Gesondheidsleer, Kunsvlyt, Musiek, Handskrif, Liggaamlike Opvoeding. Geen voorskrifte i.v.m. die hoeveelheid tyd wat aan elke vak bestee moet word, word in hierdie Handboek van Instruksies verstrekk nie. Voorskrifte i.v.m. 'n paar vakke word egter wel gegee in die Voorgestelde Leerplanne vir grade tot standerd VIII ook in 1948 gepubliseer.²⁾ Die volgende word vereis i.v.m. die onderrig van die tweede taal.

TABEL X.

TYDINDELING:- VIR DIE ONDERRIG VAN DIE TWEDE TAAL, GRADE - ST. V (1948) URE EN GEDEELTES DAARVAN).

	Grade	St. I	St. II	St. III	St. IV	St. V.
Lees	-	1	1	1	1	1
Resiteer	1	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$
Praat	2	2	2	2	2	$1\frac{3}{4}$
Skriftelike Werk	-	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	$\frac{3}{4}$	$\frac{3}{4}$	$1\frac{1}{4}$
Totaal	3	4	4	$4\frac{1}{4}$	$4\frac{1}{4}$	$4\frac{1}{2}$

OPMERKINGS.

(i) Hierdie indeling het die minimum skoolweek met $22\frac{1}{2}$ uur ten grondslag. Skole met meer onderwysure kan die verskillende indelings min of meer na verhouding vermeerder.

(ii) Bostaande indeling dien as minimum-basis.

(iii) Indien moontlik behoort daar daaglik twee periodes aan die tweede taal bestee te word. Hierdie twee periodes moet mekaar egter nie onmiddellik opvolg nie.

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole, Staatsdrukker, Pretoria 1948 100 en 102.

2) Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplanne. Grade tot Standaard VIII, Staatsdrukker, Pretoria 1948. 38.

(iv) Spreeklesse behoort nooit langer as 20 minute in die grade en 30 minute in die hoër klasse te duur nie.

Die Voorgestelde Leerplanne van 1948 gee nie slegs voorskrifte i.v.m. die roostersamestelling en groepering van die tweede taal nie, maar ook t.o.v. 'n paar ander vakke.

In verband met die onderwys van Rekene word die volgende neergelê:¹⁾ „Die lesrooster moet, behalwe waar die organisasie dit onmoontlik maak, voorsiening maak vir 'n rekenles daeliks. In die grade moet ongeveer twee-derdes van die tyd aan mondelinge oefeninge bestee word; in standerds I en II ongeveer die helfte, en in standerds III tot V ongeveer een-derde van die beskikbare tyd."

In die Voorgestelde Leerplanne van 1948 word die volgende tye voorgestel vir die onderrig van Kunsvlyt in die laerskool.²⁾ „Tenminste twee uur per week moet aan Kunsvlyt bestee word waarvan die volgende tye aan Naaldwerk gegee moet word:-

Graad I Een uur per week gedurende die laaste kwartaal van die jaar.

Graad II Een uur al om die ander week gedurende die jaar.

Standerd I Een uur elke week.

Standerds II-V Een en 'n halfuur per week.

Seuns moet onderrig ontvang in ander seksies van die Kunsvlytleerplan terwyl meisies Naaldwerk doen."

In verband met die onderrig van Musiek word in die Voorgestelde Leerplanne van 1948 ongeveer een uur per week voorgestel as die tyd wat aan hierdie vak bestee moet word.³⁾

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplanne. Grade tot Standerd VIII, Staatsdrukker, Pretoria 1948. 74.

2) Ibid., 198.

3) Ibid., 232.

Die voorskrifte van die owerheid i.v.m. skoolure, leervakke vir die laerskool en die tyd wat aan sommige leervakke bestee moet word, soos weergegee in die reeds genoemde Handboek van Instruksies van 1948 en in die Voorgestelde Leerplanne van 1948, word herhaal in latere publikasies van die Transvaalse Onderwysdepartement, nl. ten dele in die Voorgestelde Leerplanne vir die Laerskool¹⁾ in 1952 gepubliseer en in die Handboek van Instruksies²⁾ in 1956-57 gepubliseer.

Na die publikasie van die Handboek van Instruksies in 1956-57 is 'n paar veranderinge deur die owerhede aangebring wat vir die roosteropsteller van belang is.

Ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding is in 1958 die volgende neergelê:³⁾

Standerds II tot V:

- (i) Liggaamsoefeninge moet twee keer weekliks geskied.
- (ii) Die lesse behoort nie korter as 30 minute per les te wees nie, met 'n gemiddelde tydperk van minstens 75 minute per leerling per week.

Grade en St. 1:

75 minute per week verdeel in 5 daaglikse periodes van 15 minute elk behoort aan liggaamsoefeninge bestee te word.

Verder word daar o.a. ook die volgende gestel, nl. dat daar nie uit die oog verloor moet word nie dat dit wenslik is dat behoorlike voorsiening gemaak moet word vir passende gimnastiekdrag, vir verkleding voor en na die

-
- 1) Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplanne vir die Laerskool. Staatsdrukker, Pretoria 1952.
 - 2) Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole. Staatsdrukker, Pretoria 1956. 79 - 86.
 - 3) Transvaalse Onderwysdepartement: Departementele Omsendbrief Nr. 2 van 1958; Die Staatsdrukker, Pretoria. 44.

oefeninge, vir stortbaddens of in elk geval vir afdroog met 'n handdoek voordat daar met gewone lesse aangegaan word. Lesse moet ook nie gelyktydig vir die hele skool plaasvind nie, maar versprei word sodat die beskikbare terreine en apparate doeltreffend deur elke leerling benut kan word. Dit is egter nie wenslik dat oefeninge in die buitelug gedurende die warmste tye van die dag plaasvind nie.

Ten opsigte van Skoolmusiek word dit in die Leergang van 1959¹⁾ gestel dat vir die doeltreffende uitvoering van die leergang twee periodes per week noodsaaklik is en verder dat die groepe uit enkel klasse behoort te bestaan daar saamgroepering as onwenslik beskou word.

In 1959 is deur die Transvaalse Onderwysdepartement bekendgemaak dat Sosiale Studies as vak in die laerskool as 'n proefneming gedurende 1960 ingevoer moet word.²⁾ Dit is 'n nuwe benadering in die onderrig van Geskiedenis en Aardrykskunde. Die volgende word aangehaal uit die Leergang vir Sosiale Studies:³⁾ „Die ou welbekende skoolvakke, aardrykskunde en geskiedenis, sal nie langer as afsonderlike vakke op die klasrooster van die laerskool verskyn nie, maar dit beteken nie dat kinders nie meer geskiedenis of aardrykskunde sal leer nie. Hulle sal dit nog i.v.m. Sosiale Studies leer, maar op 'n manier en met 'n uitgangspunt wat beter sal aanpas by die behoeftes van die kind en die vereistes van die moderne lewe. Hierdie nuwe skoolvak, Sosiale Studies, korreleer heelwat van die inhoudsvakke van die laerskoolkurrikulum. In graad Een en Twee sluit dit al die ou inhoudsvakke in. Van standerd

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Nuwe Leergang vir Musiek vir die Laerskool (Graad I - St. V), Januarie 1959, 1.

2) Transvaalse Onderwysdepartement: Departementele Omsendbrief Nr. 2 van 1959, Die Staatsdrukker, Pretoria, 74.

3) Transvaalse Onderwysdepartement: Leergang vir Sosiale Studies Grade tot St. V., Die Staatsdrukker, Pretoria, Junie 1959, 8.

Een af word natuurkennis en gesondheidsleer egter weer as afsonderlike vakke behou."

Duidelike voorskrifte word deur die Transvaalse Onderwysdepartement gegee oor die tyd wat aan Sosiale Studies bestee moet word. „Die onderstaande tabel toon die voorgestelde minimumtyd per week wat op die klasrooster aan Sosiale Studies gewy moet word:¹⁾

Graad Een	100 minute (20 minute daagliks).
Graad Twee	100 minute (20 minute daagliks).
Standerd Een	100 minute (3 periodes).
Standerd Twee	100 minute (3 periodes).
Standerd Drie	100 minute (2 periodes van 50 minute).
Standerd Vier	100 minute (2 periodes van 50 minute).
Standerd Vyf	100 minute (2 periodes van 50 minute).

Een lang periode van standerds drie tot vyf is beter as twee kort periodes."

SAMEVATTING:

Die historiese ontwikkeling van die laerskoolrooster in Transvaal vanaf 1901 kan as volg saamgevat word:

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Tabel XI gee 'n opsomming van die ontwikkeling van die laerskoolrooster in Transvaal soos vanaf 1901 tot 1959.

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Leergang vir Sosiale Studies Grade tot St. V., Die Staatsdrukker, Pretoria, Junie 1959, 20.

TABEL XI.

DIE LENGTE EN SITTINGSTYF VAN DIE SKOOLDAG IN TRANSVAALSE LAERSKOLE VANAF 1901.

	Lengte van die Skooldag <i>(sonder pouse)</i>		Lengte van Pouse	Aantal Sessies	Aantal Sittings	Duur van Sittings in ure.				Opmerking.
	Grade	Standards				1ste	2de	3de	4de	
1901. (Volgens Voorskrifte van die Owerheid).	-	Maksimum $4\frac{1}{4}$ uur	$\frac{1}{4}$ uur	1	2	$2\frac{1}{2}$	$1\frac{3}{4}$			
1909. (Volgens Model-roosters vir een en twee onderwyser-skole).	4 uur	$4\frac{1}{2}$ uur	$\frac{1}{2}$ uur	1	2	$2\frac{1}{2}$	2*			* Vir Standers.
1914. (Volgens Voorskrifte van die Owerheid).	Mag $3\frac{1}{2}$ uur wees	Minimum $4\frac{1}{2}$ uur	$\frac{1}{2}$ uur	1	2	$2\frac{1}{2}$	2*			* Elkeen van die sittings mag 'n halfuur korter wees vir die Grade.
1918. (Volgens Model-rooster vir een-onderwyerskool).	$4\frac{1}{2}$ uur	$4\frac{1}{2}$ uur	$\frac{1}{2}$ uur	1	2	$2\frac{1}{2}$	2			
1941 (Volgens Voor-tot skrifte van die 1959. Owerheid).	Minimum 4 uur. Maksimum $4\frac{1}{2}$ uur.	Minimum $4\frac{1}{2}$ uur. Maksimum 5 uur.	Minimum $\frac{1}{2}$ uur (Vir 2 sessie-skole: $\frac{3}{4}$ uur).	1 of 2	Vir 1 sessie: 3 of meer sittings. Vir 2 sessie: 3 sittings.				*	* Geen voorskrifte oor hoelank die sittings moet duur nie.

Uit hierdie tabel XI blyk dit dat wat die lengte van die skooldag in Transvaalse laerskole betref, daar sedert 1909 nie veel verandering plaasgevind het nie. Die tye in 1909 vir die standerds sowel as vir die Grade is presies dieselfde as die minimum tye wat in 1941 voorgeskryf is.

Vanaf 1901 tot 1940 was dit voorgeskryf dat die skooldag uit een sessie sou bestaan, verdeel in 2 sittingstye. Die eerste sitting het gewoonlik $2\frac{1}{2}$ uur geduur en die tweede sitting het gewoonlik 2 uur geduur, behalwe in 1901 toe dit $1\frac{3}{4}$ uur moes duur. Die voorskrifte van 1941 het tot 'n groot mate die vaste gebruik vanaf 1901 tot 1940 gewysig, want dit was nou neergelê dat die skooldag of uit 1 sessie of uit 2 sessies kon bestaan. Indien die eensessie stelsel gevolg word, moes daar nou ook nie meer net 2 sittings wees nie, maar wel ten minste 3 of meer. Voor 1941 is dit voorgeskryf hoe lank die sittingstye moes duur, maar na 1941 is geen voorskrifte in die verband gegee nie. Die reëling van die verspreiding van die sittingstye sou voortaan aan die diskresie van skoolhoofde oorgelaat word onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike skoolinspekteur.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moet word:

Die volgende vakke word tans vir die laerskool voorgeskryf:

- (i) Godsdiensonderrig.
- (ii) Engels.
- (iii) Afrikaans.
- (iv) Rekenkunde.
- (v) Geskiedenis.
- (vi) Aardrykskunde.
- (vii) Natuurkennis.
- (viii) Gesondheidsleer.

- (ix) Kunsvlyt.
- (x) Musiek.
- (xi) Handskrif.
- (xii) Liggaamlike Opvoeding.

Opmerking: Vanaf 1960 sal Sosiale Studies die Aardrykskunde, Natuurkennis en Gesondheidsleer in die Grade en Aardrykskunde en Geskiedenis in die Standerds vervang.

Die huidige leerplan is baie na aan die een wat in 1914 vir laerskole met meer as twee onderwysers voorgeskryf was. Punte van verskil is dat die 1914-leerplan onderrig in Tekene moes voorsien. Dit is in 1948 met Kunsvlyt vervang. In die 1914-leerplan is Naaldwerk as 'n aparte vak beskou terwyl dit tans as 'n onderdeel van Kunsvlyt gereken word. In 1914 was Gesondheidsleer slegs aan leerlinge bo Standaard V onderrig en dit was as deel van Gimnastiek gereken. Handskrif is in die 1914-leerplan nie as vak genoem nie.

In breë trekke het die leervakke vir Transvaalse laerskole dus vanaf 1914 nie veel verander nie.

Wat opvallend is i.v.m. die leerplan van 1914, is dat spesifieke leerplanne voorgeskryf is vir klein skole, die met een onderwyser en die met twee onderwysers. Vakke soos Tekene, Sang en Gimnastiek is by die een-onderwyser-skool weggelaat en selfs Naaldwerk kon vermy word. Skole met twee onderwysers was geregtig om slegs een van die vakke, Tekene, Sang, Gimnastiek te onderrig. Die huidige leerplan vir die laerskool maak geen uitsondering vir kleinere skole nie en dit word dus van hulle verwag om in al die voorgeskrewe vakke onderrig te gee.

(c) Die tyd wat aan elke vak gegee moet word:

In die huidige leerplan word in 'n paar vakke deur die owerheid voorgeskryf hoeveel tyd daaraan bestee moet

word. Die tydtoekenning aan die meeste vakke word gedoen deur die skoolhoof, maar dit moet goedgekeur word deur die kringinspekteur.¹⁾

Tye vir die volgende vakke word voorgeskryf:

Godsdiensonderrig: Minimum van 2 uur per week.

Tweede Taal: Grade 3 uur. Sts. I-II 4 uur Sts. III-IV $4\frac{1}{4}$ uur St. V $4\frac{1}{2}$ uur per week gegrond op die minimum vereiste aantal skoolure van $22\frac{1}{2}$ uur per week.

Musiek: ongeveer 'n uur per week (verdeel in 2 periodes).

Kunsvlyt: ten minste 2 uur per week. Hiervan moet die volgende tye aan Naaldwerk afgestaan word:

Graad I - Een uur per week gedurende die laaste kwartaal van die jaar.

Graad II - Een uur al om die ander week gedurende die jaar.

Standerd I - Een uur elke week.

Standards II-V. - Een en 'n halfuur per week.

Liggaamsoefeninge: - 75 minute per week; (2 keer weekliks vir St. II-V, en 5 keer - 15 minute daagliks - vir die Grade en St. I.

Sosiale Studies: (vanaf 1960). 100 minute per week vir Grade tot St. V.

Volgens die voorbeelde van voorgestelde roosters wat nagegaan is, is die meeste van die tyd van die laerskool gewy aan die onderrig van die twee tale en aan Rekene. In 1909 en 1918 was die tyd wat aan die twee tale en Rekene bestee is 60% en 62% van die totale skooltyd onderskeidelik (pouses ingesluit). Vir die twee tale alleen was dit 45% in 1909 en 42% in 1918. In die standers is min of meer eweveel tyd bestee aan die onderrig van Engels en

1) Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole. Staatsdrukker, Pretoria 1948 100.

Hollands, nl. ongeveer $5\frac{1}{2}$ uur per week vir elk. In 1909 en 1918 was die tyd vir Engels in die grade minder as in die standerds en die tyd vir Engels in die grade was weer minder as die tyd vir Hollands. In 1918 is egter meer tyd aan Hollands in die grade bestee as in die standerds nl. $6\frac{1}{2}$ uur in die grade teenoor $5\frac{1}{4}$ uur in die standerds. In vergelyking met die roosters van 1909 en 1918 is die jongste tydtoekenning deur die owerhede aan die tweede taal 'n vermindering van ongeveer 'n uur per standerd per week.

Die tyd aan Rekene-onderrig bestee, het gewissel van $3\frac{3}{4}$ tot 5 uur per week.

Die inhoudsvakke het gewoonlik 'n $\frac{3}{4}$ uur tot ongeveer 1 uur per week ontvang.

Godsdiensonderwys het vanaf 1909 nie minder as $2\frac{1}{2}$ uur per week ontvang nie.

Die roosters wat nagegaan is, was vir die klein skole bedoel waar soms vakke weggelaat was sodat dit nie moontlik is om 'n juiste oorsig te kry oor die gemiddelde tyd wat aan sulke vakke toegesê is nie.

(d) Die duur van elke les:

Die meeste lesse het 'n halfuur geduur, behalwe in Rekene waar dit 45 minute tot 'n uur beloop het.

Lesse in die verskillende onderafdelinge van die tale het soms direk na mekaar gevolg en het dan gesamentlik 'n uur geduur. Volgens die jongste instruksies van die owerhede mag twee periodes in die tweede taal mekaar nie onmiddellik volg nie.

Ten opsigte van spreeklesse in die tweede taal word deur die jongste voorskrifte bepaal dat dit nie langer as 20 minute in die grade behoort te wees nie en 30 minute in die hoër klasse.

Die jongste voorskrifte bepaal ook dat lesse in liggaamsoefeninge nie korter as 30 minute in St. II - V moet wees nie en dat dit 15 minute moet duur vir Gr.I - St.I.

(e) Die reëling van die pouses:

Vanaf 1909 was een pouse van 'n halfuur voorgeskryf per skooldag. Vanaf 1941 is ten minste 2 pouses met 'n gesamentlike duur van nie minder as 'n halfuur voorgeskryf vir eensessie skole. Die verspreiding van die pouses word aan die hoof van die skool oorgelaat.

(f) Die verspreiding van die vakke oor die werkdag:

Dit was 'n vaste gebruik om die skooldag te begin met godsdiensoefening, daarna onderrig in Bybelse geskiedenis, gevolg deur Rekene.

Die onderrig in die tale het dikwels na die Rekene gevolg tot die pouse aangebreek het. Dit was egter nie 'n vasstaande reël nie.

Na pouse het die onderrig in die inhoudsvakke, praktiese vakke (Tekene, Handwerk) gevolg. Die onderrig in Handskrif is ook gewoonlik teen die einde van die skooldag waargeneem.

Die nuutste voorskrifte van die owerheid bepaal nie hoe die vakke oor die werkdag moet versprei word nie, behalwe dat liggaamsoefening in die buitelug nie op die warmste deel van die dag behoort plaasvind nie en dat twee lesse in die tweede taal mekaar nie direk mag volg nie.

Besluit: In sy geheel gesien het die laerskoolrooster in Transvaal in die afgelope 50 jaar nie veel verander nie.